# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

JAARGANG 7 VOLUME 5 MEI 1994 PRYS R1.80



Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop



Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.



Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.


# MOOK VERFRAAI

As u weer verby Vanstadensrus ry, kan u maar gerus indraai en gaan kyk hoe mooi die inwoner hul ingang versier het. Op informele wyse het 'n "Verfraaiingskomitee" onder leiding van ds Dewald Vermaak aan die werk gespring. Op hierdie wyse is 'n klimaat vir 'n werkskeppingsaksi geskep en kort voor lank was die sypaadjies mooi skoon geskoffel en die terrein vir die ingan gereed.

Teen daardie tyd het almal besef dat "iets" besig is om op Mook te gebeur en inwoners s ambagte en talente is ingespan om die dorp te help verfraai: .... Muffy Thormählen het die muu ontwerp, mnr. Gert Greyling het die naam en datum van yster gemaak en mnre. Frik Herzog en Nic Potgieter het hul gewig ingegooi. Struike is aangekoop en geplant en 'n lig is geskenk. Bai het raad gegee, ander het hand gegee en party het net kom kyk, maar dit was 'n "spanpoging waarop almal vandag baie trots is en met reg 'n pluimpie verdien.

# VERE MAAK DIE VOËL!

**Tydens die jaarlikse Guzzlers borgdag het Dave Cronje, Tossie Smith, Des Dixon en George Smith gewys dat dit nie net vernuftige spel is wat ter sprake is op die gholfbaan nie! Hierdie manne is bekroon met die eerste prys vir hul oorspronklike kleredrag in die kleure van die nuwe landsvlag.**


**ZASTRON APTEEK**
**Gesondheidsorg & Diens**

Pharmacy PLUS -apteek


**SPESIALE AANBOD**
**EETLESS KAPS. 12'S**
**@ R10.50**
(d-Norpseudoefedrien HA 50mg
Reg.Nr. M/11/3/169)

Skryf in vir die
**"VERLOOR TERWYL JY WEN"-kompetisie**
Wen 'n vakansie vir twee na die
Verre Ooste & sakgeld & nog veel meer
***Inskrywingsvorms beskikbaar by Apteek***

**Steeds: 20% KORTING OP ALLE KONTANT VOORSKRIFTE!**

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950



**EIENDOMME PROPERTIES**

No deal too big or too small

Geen transaksie te groot of te klein

Ek waarborg persoonlike aandag & puik diens

***Geregistreer by Raad vir Eiendomsagente***

**BABS CUSENS (Eiendomsagent)**

**TEL. 96 OF NA URE NA URE 430**

# REDAKSIONEEL

## 'N BRUG VIR ELKE RIVIER

'n Dogtertjie reis vir die eerste keer per trein en kyk opgewonde deur die venster. Sy skrik egter groot toe sy sien dat die trein reg op 'n rivier afpeil. "Ma!" gil sy benoud, "daar is 'n groot rivier voor ons."

Voor die moeder egter daarop kon reageer, jaag die trein oor die brug. Sy tel die beangste kind op haar skoot en verduidelik: "My kind, voordat ons vanaand afklim, gaan ons nog oor baie riviere ry, maar jy hoef nie bang te wees nie. Die slim mense wat die treinspoor gelê het, het van elke rivier geweet en oor elke rivier 'n brug gebou."

**Verkiesingstyd**

Hoe heerlik om te weet dat daar ook in ons lewens 'n Hoër Hand is wat veel wyser en magtiger is as die ingenieurs wat 'n treinspoor beplan het. Ek dink ons almal het dit so ervaar gedurende die afgelope maand. Ons het baie moeilikheid verwag, ons was bang, ons het getwyfel. Maar ons het geleer dat Hy elke nood ken wat voor ons kan opdoem en dat Hy belowe het om ons deur alles te dra.

En al bly die reis vorentoe onbekend en miskien nie heeltemal sonder stampe en stote nie, kan ons dit met 'n geruste hart voortsit, want ons toekoms is veilig toegevou in Sy hande.

Redaktrise

# MISDAADVERSLAG

**Veediefstal**

Gedurende 7 - 16 April is sestien skape van mnr. Carel Nortier gesteel. Die waarde word op R3 200 bereken. Dertig beeste van mev. Serah Swanepoel is op die plaas, Komberg gedurende 24 Maart - 14 April gesteel. Elf skape is tussen 12 - 13 April te Rivergesicht gesteel. Op 9/10 Mei is 'n veediefstal te Humanshoek aangemeld. Drie-en-vyftig merino ooie word vermis. Gedurende dieselfde tydperk is daar 48 merino hamels van mnr. Dirk Snyman, te Bergkloof gesteel. Jan Joubert vermis 2 merino's op die plaas, Mountainview en Jackie Human, te Mõreson, vier skape. Op die plase, Lizbie, Eensaam, Kliphuis word elk een merino ooi vermis en op Hefersdraai 'n bees en twee perde.

**Dagga**

Op 21 April is 26 sakke met 'n markwaarde van R60 000 op die Klaarwater-pad gevind.

Tien sakke dagga ter waarde van R18 000 is op 17 Mei op die Masham-pad gevind. Vier swart mans is gearresteer.

**Huisbraak en Diefstal**

Gedurende 29 April en 2 Mei het daar 'n groot diefstal by S.A. Vervoerdienste plaasgevind. Die skade word op R41 000 bereken.

Twee sake van huisbraak en diefstal op die plaas, Verlies is aangemeld. 'n Stootwaentjie, matras en 'n televisiestel word vermis.

Gedurende die nag van 8/9 Mei is daar by Pick-a-Chicken ingebreek. 'n Skaal en radio word vermis en die skade beloop ongeveer R9 700.

**VANANCO**

***Groothandelaars***

**ZASTRON**

Megasave

INDEPENDENT SUPPORT GROUP

AGENTE VIR

Sentraalwes (Koop) Bpk

Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

**VRA VIR RONNIE OF MIKE**

**TEL. 346 179**

# BRIEWE

Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor 15 Junie 1994. BRIEWE WAT GEPLAAS WORD, WORD NIE NOODWENDIG DEUR DIE ZASTRONNER ONDERSKRYF NIE.


J. FOUCHE & KIE

PROKUREUR
EIENDOMSAGENT
TAKSATEUR
BOEDEL-
BEREDDERAAR

Volkskas-gebou
Zastron


## BAIE DANKIE

**Daleen Fouche, Posbus 254, Zastron skryf:**

Liewe vriende, vriendinne en familie - naas ons Skepper wil ek en Manus u een en almal hartlik bedank vir u wonderlike ondersteuning deur gebede, belangstelling, besoeke, kaartjies, blomme en telefoonoproepe tydens my rugoperasie.

U het ons gedra in 'n moeilike tyd. Ons loof en dank die Heer vir al Sy Genade en liefde en vir vriende soos u. Met liefdevolle en opregte waardering.

## "REIK EERDER 'N HAND, AS OM MET DIE TONG TE SLAAN"

**Kenny en Anne Forest, Posbus 117, Rouxville skryf:**

Na 'n paar maande van afwesigheid het ons 'n besoek aan Zastron gebring en gevind dat kennisse en vriende vir Anne nie so hartlik groet soos gewoonlik nie. Ons het daaroor gewonder totdat een dame die volgende gesê het: "Die arme Oom sit nou in die gevaarlike tyd op die plaas waarheen die ouvrou hom gesleep het." Hiermee wil ons die hele ou skinderstorie die nek inslaan. Dit was 'n gesamentlike besluit van ons om uit te trek plaas toe en by ons wete is ons nie in meer gevaar as elders nie.

Vir almal wat deel het aan die storie sê ons lees Psalm 58:2-5. Die Italiaanse soldaat Giuseppe Garibaldi (1807-1882) het gesê: "Reik 'n mens liewer die hand as om hom met die tong by te dam."


DIE UNIE DRANKWINKEL



Bus 2
Tel. 36

Ons waarborg persoonlike aandag

Dawid & Elsabe Jordaan


Hiermee ook ons innige dank aan Dicky en Elana Klopper wat di vir ons moontlik gemaak het om uit te trek na hulle plaas en wa saammet ons kinders en ons vriende, Dawid en Martie Wilken on so mooi versorg en omsien na ons behoeftes op ons oudag.

Ook ons opregte dank aan al ons nuwe vriende wat ons in hierdi omgewing bygekry het.

Die afgelope tyd was daar nie veel nuuswaardighede in ons dor nie. Lesers word egter vriendelik versoek om nie te huiwer or 'n nuusbrokkie met ons te deel nie. Plasing is gratis. Skake smiddae met die Redaktrise of stuur dit aan Posbus 54, Zastror

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Die winter het met mening toegeslaan en my heel onkant betrap. Ons het sulke lieflike herfsdae beleef, dat ek my verbeel het ryp en ys is nie meer deel van ons streek nie! Wat 'n ontnugtering! Net 'n nag van minus agt grade Celsius, water wat in pype vasvries en 'n elektriese kombers wat die gees gegee het, het my laat besef 'n mens het hare op jou tande nodig om hier te oorleef.

Iets anders wat my reeds verskeie grys hare besorg het en nog steeds besig is om 'n spoedige oudag te verseker, is die wyse waarop tweerigtingradio's gebruik word. Dis al ou nuus dat dit slegs in tye van nood gebruik mag word, maar ek wonder of die mense dit ooit sal besef. Die redenasie is mos: "Die radio het my baie geld gekos - en ek gebruik dit wanneer ek wil om waarde vir my geld te kry!"

Iets anders wat my verstand te bowe gaan, is hoekom Sondagoggende so 'n bedrywige "radio"-tyd is. Van vroegdag word daar geroep en nogmaals geroep. Vir my klink dit of sommige mense afspreek om mekaar wakker te roep. Dan is daar selfs stasies wat hul noodknoppies op 'n vroeë Sondagoggend toets. Nou kyk, ek is seker simpel, maar Sondagoggend wil ek graag 'n bietjie later slaap, 'n bietjie later lê en rustig saammet my gesin kuier.

Kan daar nie maar 'n bietjie meer diskressie aan die dag gelê word nie? Sondae is tog immers vir almal 'n rusdag. Lesers kan gerus 'n bietjie van hulle laat hoor. Pla die ontydige roep u ook of is dit nou weer Sinterklaas wat onnodig stroom-op is!

Groetnis
Sinterklaas

# SPESIAAL VIR MA'S, MAMMAS EN MOEDERS ........

**'n Anonieme aanhaling uit Women's Forum**



Toe God moeders gemaak het, was dit sy sesde dag van "oortyd". 'n Engel het verskyn en gesê: "Besig om so 'n bietjie te sukkel met hierdie een, nê?"

En die Goeie Vader het gesê: "Het jy die spesifikasies vir die bestelling gelees? Sy moet volkome wasbaar wees, maar nie van plastiek nie; sy moet 180 beweegbare onderdele hê, almal vervangbaar; haar brandstof is koue koffie en oorskietworsies; sy moet 'n skoot hê wat verdwyn as sy opstaan; 'n soentjie wat alles gesond maak, van 'n gebreekte been tot 'n liefdesteleurstelling. En ses pare hande."

Die engel het haar kop stadig geskud. "Ses pare hande? Onmoontlik."

"Dis nie die hande wat die probleem veroorsaak nie," het God gesê. "Dis eintlik die drie pare oë."

"Op die standaard-model?" het die engel gevra.

God het geknik. "Een paar wat deur toe deure kan sien wanneer sy vra 'wat lawaai julle so daar binne?' terwyl sy reeds weet. Nog 'n paar agter haar kop wat sien wat sy nie veronderstel is om te sien nie, maar waarvan sy móét weet. En natuurlik die paar hier voor wat 'n kind in die oë kan kyk wanneer hy verbrou het, en wat kan sê: 'Ek verstaan en ek is lief vir jou', sonder om 'n woord te spreek."

"Heer," het die engel gesê en saggies aan sy mou geraak. "Kom rus nou eers. Môre ....."

"Ek kan nie," het God gesê. "Ek is so na daaraan om iets so na aan myself te skep ...... Sy kan reeds haarself genees wanneer sy siek is, sy kan 'n gesin van ses op een pakkie maalvleis voed en 'n negejarige sover kry om hom te bad." Die engel het stadig om die model van die ma gestap. "Dis te sag," het sy gesug.

"Kan dit dink?"

"Nie alleen dink nie, maar redeneer en tegemoetkomings maak," het God geantwoord.

Ten slotte het die engel vorentoe gebuk en 'n vinger oor haar wang getrek. "Daar's 'n lek," het sy verklaar. "Ek het U gesê U probeer te veel in die model druk."

"Dis nie 'n lek nie," het God geantwoord. "Dis 'n traan."

"Waarvoor?"

"Vir geluk, vir hartseer, teleurstelling, pyn, eensaamheid, trots."

"U is geniaal," het die engel gesê.

God het somber gelyk.

"Ek het dit nie daar gesit nie," het hy gesê.


SPRINGBOK KAFEE
TEL. 46
*Ons lewer 'n Eenstop-diens*
**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**
*Ons bak daagliks*



*BOOTS-'N-ALL*
Eienaar: Cathy Cruywagen

Pragtige kleure Penquin-wol
Materiale, Skoene, Baba-afdeling
Skryfbehoeftes & Speelgoed
Alle naaldwerk-benodigdhede
Verskeidenheid mansklere
Verskeidenheid seuns- en dogtersklere

Posbus 449
Zastron
TEL. 206

# NUUSBROKKIES

### Geboortes

Sarel en Dorette Henning van Vanstadensrus se eersteling, 'n seuntjie vandeesmaand gebore.

Frik en Sanja Smit het nog 'n dogtertjie ryker geword. Dit is die egpaar se derde kind.

### Siektes

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal: Mev. Corrie van Ronge, mnr. A. Burrmeister, mnr. Petrus Jordaan.

### Junie-verjaardae
### Zastron

1 Willem Swart, Mariana de Bruyn, Stokka Venter, Hennie Labuschagne, Sarel Nagel
3 Johan Venter, Mina Langeveldt, Sarie Riesenbeek
5 Tol Calitz, Marianne Jordaan
7 Paul Wellsted, Eric Fonternel, Hugo Hauptfleisch, Daan Bekker
8 Hester Henning
9 Johnny Walstrand
10 Meisie van Wyk, André McPherson, Kotie Swanepoel
11 Adam Fouche
12 Christo Groenewald
13 Anna Geldenhuys
14 Benjamin van Rensburg, Eddie Arrow
16 Alet Steenkamp, Henk Lombard, Ina Cronje
17 Riaan Deneys, Andre Karsten
18 Maggie Greyling, Drieka Venter
20 Coert Grobbelaar
22 Bets du Plessis, Lerina Mulder
23 Henna Slabbert, Ansie van den Berg
24 Hanlie McPherson, Gawie Schoeman
25 Kobus du Plessis, Chrissie van der Vyver
26 Sors Visagie, Jan Kleynhans
29 Tolla Swanepoel
27 Piet Henning
28 Paul de Witt
30 Ansie Botha, Willie Lombard, Gert Hefer, Hannetjie Swanepoel

### Vanstadensrus

2 Koba Bekker
4 Sussie Wessels
5 Vonnie Fouche, Ona Rautenbach
7 Sarel Henning
18 Jan Bekker
20 Susan van der Walt
25 Piet Wessels (Longlead)
26 Julie Wessels

### Algemeen

Louis du Plessis, 'n voormalige kaptein van die Vrystaat Atletiekspan en kranige hekkie-atleet woon sedert verlede maand in die Zastron-distrik. Hy is die plaasbestuurder van Hennie en Aret Labuschagne. Baie welkom aan hom en vir diegene wat belangstel - Louis is nog ongetroud!

Ancarien, dogter van Naas en Dalene van der Hoven het vandeesmaand na Duitsland vertrek waar sy as "au pair" sal werk.

Propaganda voor die verkiesing is op enige denkbare wyse gedoen, maar die ervaring van mev. Sara Calitz oortref almal. Die dag voor die verkiesing het sy 'n voëltjie naby haar voordeur op die plaas gewaar. Sy poot was verstrengel in die takke van 'n struik. Toe sy die voëltjie wou bevry, ontdek sy tot haar groot verbasing dat 'n foto van een van die politieke leiers aan sy pootjie vasgebind was. Vermoedelik het 'n persoon in die omgewing besluit om op so 'n wyse ondersteuning vir sy party te werf!


"Hoe om in in twe
van Suid-Afrika
se winsgewendste
effektetrusts
te belê."

Effektetrusts verteenwoordig 'n deskundig geselekteerde portefeulje Effektebeursaandele. Oor die jare het Ou Mutual-Effektetrust geblyk 'n uitmuntende beleggingsmedium sowel klein as groot beleggers te wees.

Die fonds het die afgelope vyf jaar 'n gemiddelde opbrengs van meer as 30% per jaar gelewer. O Mutual het ook 'n tweede fonds - die Ou Mutual-Mynboufonds - in lewe geroep.

Hoe kan u uit hierdie geleenthede munt slaan? Dis baie maklik - skakel net u Finansiële Adviseur by Ou Mutual. Hy het die kennis u oor elke aspek van u belegging van raad te dien. Hy sal ook die werklike koop en verkoop van u onderaandele vir u reël. Skakel hom nou. U staan onder geen verpligting nie.

Mnr. F.J. Smit
Tel. 131 (H) & (K)
VLK-gebou
Zastron

Mnr. B. Jord
Tel. 63(K
1940 Boesmansk.
VLK-gebou, Zast

FINANSIëLE ADVIESDIENS

OU MUTUAL

KRY MEER UIT DIE LEWE



ZASTRON BANDE

SUPA QUICK

TEL. 385



Bande
Skokbrekers
Batterye
Uitlaatstelsels
Onderdele en nog vele meer

*Gerekenariseerde Wielsporing*

Puik dienste alle tye

# 'N ERA AFGESLUIT .....

Op 26 April het die landdros, Frik van Rhyn, die ou landsvlag vir die laaste keer gestryk. Die volgende oggend om 07h00 is die nuwe vlag deur die tolk van die hof gehys.




DISCOUNT BARGAINS

*Die Gesinswinkel*

Ons hou iets van alles aan

Kruideniersware, Klerasie Meubels, Elektriese ware

*Loer gerus in, u sal aangenaam verras wees*

Ons gee persoonlike aandag aan al ons klante


# DIE GROOT BESLUIT

**Opstel geskryf deur Adele Bantjes van die Hoërskool Zastron:**

"Hy is oud. Sy skuurwol, grys hare is blink van die gliserien. Hy het sy beste motgevrete kispak aan. Hy is oppad om die grootste besluit van sy lewe te neem - die enigste een .... ooit!

Hy loop krom en tydsaam. Ineengekrompe van rumatiek. Sy ou bamboeskierie kraak, nie van sy gewig nie, maar van ouderdom. Hy lyk baie senuweeagtig. Jy kan dit aan sy bewende baard sien.

Hy is die laaste een in 'n baie lang ry van ongeveer 'n kilometer lank. Baie oues en siekes staan al lank en wag op hulle beurt, so half en half seker van hulle saak, maar hy is deurmekaar, want daar is soveel beloftes en soveel mense wat hom wil voorsê wat hy moet doen. Hy ken nou miskien nie al die partye met allerhande A's, P's en C's nie, maar hy ken sy ABC en hy ken ook nie die groot base met die "fancy" name nie, maar hy ken sy ou Mies, sy enigste baas.

Sy lewe was eens so rustig. Die Ounooi het maar altyd vir hom "gesôre". Hy was doodtevrede met sy warm bord Sondag-oorskietkos: lekker soet boerpampoen en skaapboud met rys en sous. En nou kom hierdie mense en sê as hy stem gaan alles verander - sy hele lewe; maar hy ken geen ander lewe nie en wil ook geen ander hê nie! Hy is doodtevrede.


NESNA

Reichenbergstr. 3, Zastron

TEL. 516 & 400

*Vadek verf, Hardeware*
*Vensters, ruite, deure, kosyne en slotte*
*Ons sny ook spieels*

Vir vriendelike diens besoek ons gerus


Hier staan hy nou. Sy ou bene, moeggestaan. Toe kom hy aan die beurt, maar weet nie of hy veronderstel is om bly te wees nie. Hy loop sleepvoet nader. Hulle spuit sy seer hande met sulke snaakse water en kyk na sy boekie. Hy kry 'n "pampier" en hulle neem hom na 'n houthokkie.

Hy het reeds 'n besluit geneem: Hy gaan vir sy Ounooi stem! Maar hy lyk so verward toe hy nie haar naam op die simpel "pampier" vind nie. Hy neem die potlood in sy seer hande en trek 'n streep daardeur en vou die brief.

Hier moet hy uit! Hy wil nie iets weet van die nuwe Suid-Afrika nie, want vir hom sal Suid-Afrika altyd Suid-Afrika wees, nuut of oud en sy Ounooi sal altyd sy enigste baas wees!

# ZASTRON SLAGHUIS

## VIR TOPKWALITEIT-VLEIS EN - DIENS

GEROOKTE VARKBOUDE
BEESLENDE ROLLE "VULSEL U KEUSE"
VARKROLLE & SKAAPROLLE
GROOT VERSKEIDENHEID KOUE VLEIS
VARS PLAASHOENDERS
VERSKEIDENHEID SEEKOSSE

**ONS SLAGPALE
NOU TOT U DIENS**

***Vra om ANTON of LEON SCORRANO***
TEL. 20 OF 331   NA URE 468 OF 534

## NUWE HAARSALON

Headlines

H ARTISTIC HAIR DESIGN

Op Maandag, 23 Mei is 'n nuwe haarsalon in die CM Biz-gebou, net langs die Skoonheidssalon geopen. Die haarkapper, Bennie Duvenage is van Pretoria en nooi graag alle mans, dames en kinders om van sy diens gebruik te maak.

Bennie het ook vir vier maande in Skotland as haarkapper gewerk, maar die verlange na "sy mense" was te groot. Hy het besluit om sy salon hier te open, daar van sy familie op Zastron woonagtig is.

Die besigheidsure is Maandae - Vrydae vanaf 08h00 tot 18h00 en Saterdae vanaf 08h00 tot 13h00. Tye kan aangepas word op afspraak. Skakel Bennie tel. 9 vir verdere inligting.

**NEVES KAFEE**

Besigheidsure: 06h00 - 20h00
Ma tot So & vakansiedae

"FAT LOOZE"

KILOJOULE BEPERKTE DIEET

Drie weke voorraad slegs R49.99

4 Kg gewigsverlies per week

TEL. 532

## BELANGRIKE NIESNUUS!

Hier is 'n waarskuwing vir diegene wat so gekonfyt is daarin om 'n nies ewe fyntjies tussen duim en voorvinger weg te knyp - jy is met 'n gevaarlike speletjie besig!

As jy so aanhou om jou niese te onderdruk, loop jy die risiko om jou ore, ribbes en selfs die bene in jou gesig te beskadig. Daar skuil geweldig baie krag agter elke nies. 'n Klein waterdruppeltjie wat jy uitnies, trek nie verniet teen 'n snelheid van 140 kilometer per uur nie!

Onthou dus dat 'n hartlike nies nie beteken dat jy jou maniere by die huis gelos het nie, maar eerder dat jy jou oor jou gesondheid bekommer.

**MALHERBE, SAAYMAN & SMITH**

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*

Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6

## BESTE WENSE VIR DIE COMRADES

Op 31 Mei sal Zastron weer goed verteenwoordig wees tydens die Comrades-marathon. Willie en Barbie de Beer (foto onder) sal vir die agtste keer aan die marathon deelneem. Die ander dapperes is Wynand Bezuidenhout, Thabu van Rooyen, Lynne Steyn en die nuweling, Dassie Fouché. Sterkte! Zastron dink aan julle!



# RAPPORTRYER-NUUS

Zastron se Rapportryerskorps het die afgelope maande drie baie geslaagde projekte aangebied.

Gedurende Maart is die nuwe Intrekkersfunksie vir alle nuwe inwoners gehou. Almal was dit eens dat hierdie funksie 'n instelling moet wees. Nuwe intrekkers is altyd 'n aanwins vir die dorp. Die funksie in die stadsaal is deur sowat 50 mense bygewoon.

Tydens April het die Korps 'n gesinsaand op die plaas van Jan en Corrie Lategan gehou. 'n Sanggroep van Bloemfontein het opgetree en baie luister aan die geleentheid verleen. Die aand is afgesluit met 'n heerlike potjie.

Gedurende Meimaand is die Koorfees van die Hoërskool Zastron as 'n verdere projek ondersteun. Die lede was trots op die skoolkoor se pragtige optrede en wens die Hoërskool graag geluk met 'n pragtige aand.

WACKO'S
VIR VIDEO'S
Tel. 246

'n Spesiale welkomsgroet word ook aan een van die lede, Hennie Labuschagne gerig. "Ons is baie bly om jou weer by ons te hê. All dank en eer aan ons Hemelse Vader wat vir Hennie en sy gesin so wonderlik dra in hierdie moeilike dae."

Die inwoners van Zastron word graag herinner aan die spesiale fonds wat in die lewe geroep is ter ondersteuning van Hennie. Bydrae kan gemaak word te Volkskas Bank. Rekeningnommer 2818142288.

Die Zastron Rapportryerskorps wil almal hartlik bedank vir hul pragtige ondersteuning, hulp e bystand gedurende die afgelope maande. Alles wat mooi is word u almal toegewens.

SQUARES
Meubileerders
Geskenkware
Groot verskeidenheid
altyd beskikbaar
Volvloermatte
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
TEL. 281
Posbus 21 Zastron

# SCAS BESOEK ZASTRON


**Die SCAS-span skryf:**
"Ons het die voorreg gehad om die afgelope week op Zastron te kuier. Wat 'n voorreg was dit nie! Soveel gasvryheid en vriendelikheid het ons lanklaas teëgekom.

Die organisasie waarvoor ons werk, SCAS (Sport vir Christus Aksie SA) se missie is om deur die medium van sport en rekreasie Christus aan die wêreld te verkondig. Ons is die Skolespan van SCAS en neem die hoërskole-bediening van SCAS waar.

Die span bestaan uit nege lede (5 mans en 4 dames) wat gedurende 1994 voltyds geestelike werk doen. Spanlede wissel in ouderdom. Anél Hattingh, dogter van Hardus en Hester Hattingh, wat verlede jaar op Zastron gematrikuleer het, is ook deel van hierdie span.

Tydens ons besoek het ons by die plaaslike hoërskool gewerk. Ons het bybelonderrig en ander nie-akademiese periodes waargeneem en klasse aangebied oor geloofsekerheid, geestelike groei en die groot opdrag. Ons was ook betrokke by die sport en ander buitemuurse aktiwiteite. Die leerlinge was baie ontvanklik en het ons sommer gou aanvaar en laat tuis voel.

Baie dankie aan almal wat ons besoek so aangenaam gemaak het."


SOEKIE VENTER
Eiendomsagent
Geregistreer by Raad
vir Eiendomsagente

UNITED BANK ALLIED BANK
SANTAM BEPERK

SANTAM MULTIPLEX
Die wydste dekking onder een sambreel
Lenings kan gereël word

VLK-GEBOU
GUSTAVUSSTR. 24A
POSBUS 6
ZASTRON
TEL. 72
ALLE URE

# SKOLENUUS

## PRESTIGE AVONTUURKURSUS

Sewe St.9-seuns van die Vrystaat is gekeur om die Prestige Avontuurkursus gedurende die Junie-vakansie by te woon. Die Hoërskool Zastron is baie trots dat een van sy seuns, Stian de Witt, een van dié bevoorregte leerlinge is. Dit is 'n unieke kursus wat gesamentlik deur die Onderwysdepartement en Suid-Afrikaanse Weermag aangebied word om jong leiers vir die toekoms voor te berei.


CALEDON MAKELAARS BK
vir u
LEWENSVERSEKERING
KORTTERMYN-VERSEKERING
BELEGGINGSADVIES
Ons verteenwoordig al die belangrikste maatskappye
SKAKEL NOU
STAFFIE FOUCHE
ROUXVILLE 300
ZASTRON 259


## "SPEECH FESTIVAL 94"

Die Bloemfontein-tak van The South African guild of Speech and Drama Teachers (kortweg "Speech festival") is vanjaar by Eunice Primêre Skool aangebied. Verskeie skole het deelgeneem in die onderskeie afdelings en die kompetisie was baie straf. Mev. Feitelberg van Johannesburg was die beoordelaar. Aneleé Meyer was die enigste leerling van die Hoërskool Zastron wat deelgeneem het en het haar goed van haar taak gekwyt. Sy het A-simbole in die afdelings monoloog, gedig en gedramatiseerde kinderstorie verwerf.

## RUGBYNUUS

Zastron Hoërskool se rugbyspanne het weer vanjaar sy staal gewys en al die spanne is nog in die wedloop vir die onderskeie liga's. Die wedstryd teen Rouxville was ongetwyfeld die hoogtepunt van die seisoen.

Die Eerstespan slaag daarin om in 'n spannende wedstryd Rouxville te klop met 'n telling van 23 - 19. Wat hierdie oorwinnig veral merkwaardig maak, is dat Zastron halftyd 19 - 6 agter was. Met moed en durf het hulle daarin geslaag om die wedstryd te wen.

Proewe

Verskeie spelers is ook gekies om hul provinsie in proefspanne te verteenwoordig. Vir die Suidoos OVS A-span is die volgende spelers gekies: Piet Breytenbach, Christo Crous en Stian de Witt. Vir die B-span is Emile Scholtz, Eddie Wansbury, Gert van der Merwe, Sarel Dry, Stefan Naudé en Abrie du Plessis gekies. Stian de Witt is verder gekies om tydens die volgende proewe vir die OVS-Platteland B-span te speel. Aan al hierdie spelers, baie geluk! Sterkte vir die res van die seisoen.

'n Opregte dank aan al ons ouers wat ons wedstryde so getrou bywoon, al gaan dit met groot moeite en onkostes gepaard ...!

## ONDER DERTIEN RUGBY

Na afloop van die onder dertien rugbyproewe te Smithfield het vier van die seuns, Ruan van Rooyen, Niël van Pletsen, Niël van der Merwe en Sybrand van der Westhuizen die mooi prestasie behaal deur die Oosspan te haal.

Op 23 April het die seuns aan die OVS-proewe deelgeneem. Hier het almal hul goed van hul taak gekwyt en Niël van der Merwe en Sybrand van der Westhuizen is na 'n verdere rondte proewe genooi.

Uiteindelik is Sybrand in die OVS A-span ingesluit wat teen NOVS op Springbokpark gespeel het. Dit was dan ook die voorwedstryd vir die Engelse toerspan. Na afloop van die wedstryd is Sybrand weer in die OVS A-span ingesluit wat op Vrydag, 20 Mei teen Griekwas te Kimberley gespeel het.


SUPERSPAAR
SUPERSAVE

Personal & Friendly Service Guaranteed
(Sandra Cusens en Wilma Botha)

| | |
|---|---|
| * Kruideniersware (teen beste pryse) | * Groceries (at best prices) |
| * Geskenke | * Gifts |
| * Huishoudelike Goedere | * Household Goods |
| * Droë Vrugte & Neute | * Dried fruit & Nuts |
| * Lekkers | * Sweets |
| * Bevrore vis & groente | * Frozen Fish & Vegetables |
| * Iets van alles! | * Something of everything |
| * Radio's | * Radios |

Kom gerus in - U sal aangenaam verras wees

Tel. 05542(36) Box/Bus 484
Reichenbergstraat, Zastron

"Opregte dank aan mnr. Pierre Rochér en Barry van der Westhuizen vir hul hulp en ondersteuning. Ons is vol moed dat Sybrand die Cravenweekspan sal haal wat van 3 - 8 Julie in Pretoria speel" sê hul afrigter, mnr. Deon van Zyl.

Baie geluk aan Sybrand met sy pragtige prestasies en die wyse waarop hy die skool se naam uitdra.


# MODEL SLAGHUIS

Eien. A.G. Cronje & G.J. Marais

****************

*Probeer gerus ons*

***GEMARINEERDE VARKSTEAKS EN VERSKEIDENHEID GEROOKTE PRODUKTE***

****************

Ons leuse is vars & kwaliteitprodukte

TEL. 188

Na ure tel. 97 / 366


## NETBAL

Die Netbal van die Hoër- en Laerskool gaan nou van krag tot krag en daar is geen keer aan die oorwinnings van die meeste spanne nie. Met harde oefening en baie opoffering kan ons op die stadium van die ligaseisoen spog dat die onder 9, onder 11 en al die spanne van die Hoërskool nog onoorwonne is.

### Proewe

Tydens die proewe van die Trans Oranjestreek van beide die Hoër- en Laerskool het dit baie goed gegaan. In die Laerskool is Androëtta Bekker, Sanet Swanepoel, Elzette Rautenbach en Corné Church na die OVS Platteland Finale proewe uitgenooi. Met die strawwe kompetisie, a.g.v. skole uit die Sandveldstreek wat nou saam met ons streek kompeteer, het die dogters ongelukkig nie die OVS Plattelandse span gehaal nie.

Tydens die Hoërskool proewe is Reni de Klerk, Elmarie Olivier, Chantelle Smith en Sunel Lourenco na die finale reeks proewe uitgenooi. Drie van die dogters, Reni de Klerk, Elmarie Olivier en Chantelle Smith is in die OVS Seniorskole Plattelandspan ingesluit. Hulle sal tydens Julie aan die Suid-Afrikaanse Netbaltoernooi te Benoni gaan deelneem. Sunel Lourenco is in die onder vyftien OVS Plattelandspan ingesluit en sal gedurende die vakansie in Potchefstroom aan die SA Netbaltoernooi gaan deelneem.

Baie geluk aan die dogters met hul puik prestasie. Mag dit met julle baie goed gaan op die toernooie.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R10 vir elke 20 woorde. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.**


DIE OOG BAKKERY



*Probeer gerus ons*

*Vars Brood, Banket*

*Wegneemetes en Teekamer*

Ons wil u graag bedien

Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn

TEL. 584


### TE KOOP

Huis te koop te Vanstadensrus. Kontak mnr. Dawie Botes, tel. 17 Vanstadensrus.

Foxterrier hondjies te koop. Ses weke oud. Prys R50. Skakel Zastron 302.



*"Ek sê nog ons bederf daardie*

### BLOEDSKENK

Kom skenk bloed op 17 Junie by die kerksaal. U kan 'n lewe red.

# ZASTRON GHOLFKLUB

Agt-en-veertig spelers het aan die borgdag op 30 April deelgeneem. Die formaat van die baan word elke jaar verander en het menige speler onkant betrap.

**DIE WENNERS**



**Trots wys Herman Meyer, Muskiet van Blerk, Bill Shaer en Rick Scott hul pryse wat hul gewen het tydens die borgdag van die Guzzlers.**

Die uitslae was as volg:

1. Die wenspan met 124 punte.
2. Die span van Riaan McLeod, Barry van der Westhuizen, Pierre Rochér en Du Toit Neethling met 117 punte.
3. Die All Blacks nl. Lorraine Paulsen, Wolfie Meades, Roux Fouche en Jan M. met 117 punte.

Baie geluk aan die Juniorspan, James Neads, André Schoeman, Ryan van Tonder en Grant Smith wat hul pa's, die Guzzlers stof in die oë gespeel het.

Die langste dryfhou is deur Dermott Cusens gespeel en Saai Scholtz en Roux Fouche het die naaste aan die pen gelê op die derde en vyftiende putjie.

Baie dankie aan die borge, Ronnie van Tonder, Mike Smith, Gawie Schoeman en Phil Neads vir 'n heerlike dag. Die volgende borgdag vind op 31 Mei plaas.

# SENIOR NETBAL

Oud en jonk word vriendelik uitgenooi na die Netbaloefeninge op Dinsdag- en Donderdagaande om 17h30 - 19h00 by die sportgronde. Kontak die enige bestuurslid: Francette Saling (voorsitter), Carien van Aarde (sekr.), Susan Wellsted of Petro Fouche vir verdere besonderhede.


**ZASTRON**

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U**

*Ongeëwenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgerlewe*
*Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse*
*Munisipale dienste teen besonder billike tariewe*
*'n Gesonde, gematigde klimaat*
*Pulk woonwapark*
*Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes*
*Pulk hotel en verskele toerisme-aantreklikhede*

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950
Tel. (05542) 18